The miracles of science™

CURZATE® PRO

Reg. No. L5698 Act No. 36 of 1947

Organic preventative and curative fungicide (wettable powder) for the control of downy mildew (*Plasmopara viticola*) on table and wine grapes and late blight (*Phytophthora infestans*) on potatoes and tomatoes.

Reg. Nr. L5698 Wet Nr. 36 van 1947

Organiese beskermende en genesende swamdoder (benatbare poeier) vir die beheer van donsige skimmel (*Plasmopara viticola*) op tafel- en wyndruiwe en laatroes (*Phytophthora infestans*) op aartappels en tamaties.

ACTIVE INGREDIENTS		**AKTIEWE BESTANDDELE**
Cymoxanil (ethyl urea)	60 g/kg	Simoksanil (etielurea)
Mancozeb (dithiocarbamate)	700 g/kg	Mankoseb (ditiokarbamaat)

Nett Mass **10 kg** **Netto Massa**

REGISTERED BY / GEREGISTREER DEUR:

DUPONT DE NEMOURS SOUTH AFRICA
(PTY) LTD
Co. Reg. No. 2009/014079/07
P O BOX / POSBUS 3332
HALFWAY HOUSE 1685
Tel: (011) 218-8600

EXPIRY DATE		VERVALDATUM
BATCH NUMBER		LOTNOMMER
DATE MANUFACTURED		DATUM VERVAARDIG

UN No. / VN Nr. 3077

(Blue colour band)

Copyright © 2011 DuPont. All rights reserved. The DuPont Oval Logo, DuPont™, The miracles of science™ and CURZATE®, CAPITAN® and OLYMP® are registered trademarks or trademarks of DuPont or its affiliates.

CURZATE® PRO

Reg. Nr. L5698 Wet Nr. 36 van 1947
Bevat simoksanil en mankoseb

WAARSKUWINGS:

LAAT DIE VOLGENDE ONTHOUDINGSPERIODE VERLOOP TUSSEN LAASTE TOEDIENING EN OES:
Tafeldruiwe - 4 6 weke (nie na ertjiekorrelgrootte nie).
Wyndruiwe - 14 dae
Aartappels - 14 dae
Tamaties - 7 dae.

- Hanteer versigtig.
- Kan oë, neus, keel en vel irriteer.
- Mag vel gevoelig maak.
- Nadelig wanneer ingeneem of ingeasem word.
- Hou buite bereik van kinders en oningeligte persone.
- Giftig vir visse.
- Bêre weg van voedsel en voer. Bêre in die oorspronklike houer, dig toegemaak, in ‘n veilige en goed geventileerde plek.
- Moenie gebruik op gewasse wat in hidroponiese stelsels of in potte groei nie.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder `n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die eitket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die siekte teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir `n gebrek aan prestasie as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS:

- Vermy oormatige inaseming van poeier of spuitnewel. Dra ook 'n gesigsmasker en –skerm of beskermende bril en rubber handskoene.
- Verhoed wegdrywing van die spuitnewel na gewasse nie onder behandeling of na naasliggende waterbronne.
- Vermy kontak met vel, oë en klere.
- Was met seep en water na gebruik en toevallige velkontak.
- Moet nie eet, drink of rook tydens toediening, vermenging of voordat hande en gesig gewas is en klere verwissel is nie.
- Hou weg van vuur en vonke.
- Verhoed blootstelling van die produk aan vogtige lug en water. Moet nie laat nat word nie en gedurende opberging laat warm word nie, aangesien vlambare gasse kan vorm.
- Houers en verpakkings moet heeltemal leeggemaak word voordat dit vernietig word.
- Skud die houer deeglik in die mengbak of spuittenk uit voordat leë houer vernietig word.
- Moet nooit die leë houer vir enige doel hergebruik nie.

VOORKOMING VAN WEERSTANDBIEDENDHEID

CURZATE® PRO is ‘n mengsel van simoksanil en mankoseb swamdoders wat verskillende reaksiemeganismes het. Simoksanil is aktief teen rasse wat weerstandbiedendheid teen fenielamied swamdoders vertoon.

Wanneer swamdoders met dieselfde reaksiemeganisme herhaaldelik vir ‘n aantal agtereenvolgende jare in dieselfde land gebruik word mag minder vatbare rasse wat natuurlik voorkom oorleef, vermeerder en uiteindelik dominant raak. ‘n Patogeen is weerstandbiedend teen ‘n swamdoder wanneer dit ‘n korrek-toegediende behandeling teen die korrekte dosis en tydsberekening onder normale weersomstandighede oorleef.

Ontwikkeling van weerstandbiedendheid in ‘n patogeen kan voorkom of vertraag word deur produkte met verskillende reaksiemeganismes af te wissel of te meng.

GEBRUIKSAANWYSINGS: **GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI**

VERENIGBAARHEID

CURZATE® PRO is mengbaar met Capitan® (Reg Nr. L4487 Wet Nr. 36 van 1947) in aartappels en met DuPont Olymp® (Reg. Nr. L3942 Wet Nr. 36 van 1947) in druiwe.
CURZATE® PRO is normaalweg verenigbaar met meeste produkte met neutrale of suur werking, indien toegedien volgens die vervaardigers se aanbevelings. Moet nie in tenkmengsels saam met produkte met alkaliese werking gebruik nie. Tenkmengsels met onbekende fisiese verenigbaarheid en gewas veiligheid moet eers op ‘n klein skaal beproef word.

ALGEMEEN

- Simoksanil het ‘n unieke reaksiemeganisme en word altyd in kombinasie met ander swamdoders met verskillende reaksiemeganismes gebruik. Dit is ‘n hoogs aktiewe, lokaalsistemiese swamdoder met voorkomende en kuratiewe werking teen patogene soos aangedui.
- Die beste resultate met **CURZATE® PRO** sal verkry word indien dit voorkomend toegedien word voordat siektesimptome op die plant verskyn. Dien genoeg water per hektaar toe sodat deeglike benatting van die teikengewas plaasvind.
- **CURZATE® PRO** moet nie toegedien word op gewasse wat onder stremming verkeer nie ; stremming kan veroorsaak word deur droogte, versuiptoestande, lae temperature, insekskade, voedingselement- of kalktekorte of ander faktore wat gewasontwikkeling belemmer.
- Simoksanil word vinnig deur plantweefsel opgeneem. **CURZATE® PRO** is bestand teen afwassing deur reën binne twee ure na toediening. Indien reën binne twee ure na toediening voorkom kan die werking van die produk beïnvloed word en moet die bespuiting herhaal word.

MENGINSTRUKSIES EN SKOONMAAK VAN SPUITAPPARAAT

- Maak seker dat die spuitapparaat heeltemaal skoon is alvorens **CURZATE® PRO** gebruik word.
- Maak die spuittenk halfvol met water en aktiveer die roerder. Voeg dan die verlangde hoeveelheid **CURZATE® PRO** daarby na aanvanklike verroming daarvan in ‘n klein hoeveelheid water. Verseker voortdurende roering terwyl die tenk verder gevul word en tydens toediening.
- Dreineer die spuitapparaat volledig na afloop van toediening.
- Was die spuitapparaat en deurspoel die pype, balk en spuitkoppe met skoon water. Verwyder alle sigbare neerslag van die produk. Verwyder en maak die spuitkoppe, siwwe en filters afsonderlik skoon. Deurspoel die volledige stelsel daarna weer met skoon water.
- Moet nie spuitapparaat naby ‘n boorgat, fontein of ander waterbronne skoonmaak nie.

GEWAS EN SIEKTE	HOEVEELHEID/100 ℓ WATER OF SOOS AANGEDUI	BESONDERHEDE VAN SPUITPROGRAM
AARTAPPELS EN TAMATIES Laatroes (*Phytophthora infestans)*	2-3 kg/ha	H.V. Dien toe as 'n volle dekbespuiting en afhangende van plantgrootte in 500-1500 ℓ water. Dien toe tydens fase van aktiewe groei. Begin die program wanneer gunstige klimaatstoestande vir laatroes ontwikkeling voorkom. Moet nie meer as 4 maal per seisoen toedien nie. Dien elke 10-14 dae toe. Gebruik in kombinasie met 'n standaard voorkomende program. Gebruik hoër dosis wanneer besmettingsdruk toeneem. Verkort spuitinterval na 7-10 dae wanneer toestande gunstig is vir laatroes ontwikkeling en gebruik ook hoër dosis onder sulke toestande.
	Nota: **CURZATE® PRO** is nie genoegsaam doeltreffent teen Vroeë Roes (*Alternaria solani*) wanneer in 'n 10-14 dae spuitprogram gebruik word nie. 'n Geregistreerde middel teen Vroeë roes behoort dus saam met 'n **CURZATE® PRO** toediening gebruik te word wanneer toestande gunstig is vir vroeë roes ontwikkeling.	
WYNDRUIWE EN TAFELDRUIWE Donsige skimmel *(Plasmopara viticola)*	200 g (0,5-3,0 kg/ha)	Begin spuit sodra die eerste lote 10cm lank is. Herhaal elke 10-14 dae. Gebruik `n korter tydsinterval (7-10 dae) wanneer toestande baie gunstig is vir siekte ontwikkeling.
	Nota: Moet nie na ertjiekorrelgrootte op tafeldruiwe gebruik nie.	